

Pages 369 — 449

S. Store 326; 323.2 (68232) Com

VOLUME V.

**KOMMISSIE VAN ONDERSOEK OM ONDERSOEK IN TE STEL  
NA DIE GEBEURE IN DIE DISTRIKTE VAN VERKENNIGING  
(TE WETE DIE SHARPEVILLE LOKASIE EN EVATON) EN  
VANDERBIJLPARK, TRANSVAAL PROVINSIE, OP 21 MAART  
1960.**

DONDERDAG, 21 APRIL 1960 OM  
- 10.00 V.M.

VERTEENWOORDIGING: SOOS VOORREK.

INHOUD

	<u>Bladsye</u>
<u>REKLINGS AANGAANDE INSPEKSIE TER PLAATSE</u>	369 - 370
<u>H.A. LABUSCHAGNE:</u>	
Hoofgetuieis ..	370 - 424
Kruisverhoor ..	425 - 449

BEWISSTUKKE:

LUKOTO VAN OEDERLE VAN SHARPEVILLE  
LOKASIE Bewysstuk "C".



KOMMISSIE VAN ONDERSOEK OM ONDERSOEK IN TE STEL  
NA DIE GEBEURE IN DIE DISTRIKTE VAN VERENIGING  
(te wete DIE SHARPEVILLE LOKASIE EN EVATON) en  
VANDERBIJEPARK, TRANSVAAL PROVINSIE, op 21 MAART  
1960.

---

DONDERDAG, 21 APRIL 1960, om  
10.00 v.m.

VERTEENWOORDIGING:      SOOS VOORHEEN.

---

THE CHAIRMAN: Mr. Claassen, I have considered the position in regard to an inspection and I feel it is going to be - certainly to me - of great assistance if I could get some idea of the lay of the land at Sharpeville before the evidence is continued. I think if arrangements could be made forthwith I would like to hold an inspection this morning.

MR. CLAASSEN: Mr. Commissioner, the cars are ready and arrangements have been made for the Commission and Advocates and others to go immediately.

THE CHAIRMAN: If any detailed inspection is necessary at a later stage in order to point out the various places which might become important during the further hearing, then another inspection can be made; but at the moment I find I am in some confusion when people speak of "North-West of the Police Station" and so on. I have no picture at all. If it is convenient to Counsel and the other practitioners who are appearing to hold this inspection now, then I would like to do so.

---MR. CLAASSEN ---



MR. CLAASSEN: I understand my learned friends are all in agreement that this is an opportune time to have an inspection-in-leece.

- ADJOURNED: 10.5 a.m. -

- RESUMED: 11.30 a.m.-

NICHIEL ANDRIES LABUSCHAGNE, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MR. CLAASSEN: Mr. Labuschagne, u is Lokasie-Superintendent van die lokasie, Sharpeville? — Sharpeville Naturelledorp, Vereeniging.

Hoe lank hou u al daardie posisie? — Ek is al amper vier jaar lokasie-superintendent.

En voor die tyd? — Voor die tyd was ek vir ongeveer vyf jaar senior inspekteur; en voor dit, inspekteur. Ek is nou altesaam twaalf jaar in die lokasie.

In hierdie Naturelledorp, Sharpeville? — Sharpeville.

Vir hoe lank is u superintendent? — Amper vier jaar.

En voor u begin diens doen het in Sharpeville, waar was u? — Toe was ek senior-inspekteur, ook in Sharpeville.

Hoe, maar ek bedoel, voordat u begin diens doen het in Sharpeville? — By die Munisipaliteit?

Ja? — Was ek in die Suid-Afrikaanse Polisie.

Mr. Labuschagne, ons het hoofsaaklik te make met die gebeure op die 21e Maart van hierdie jaar,

— HAAR —



maar ek wil u terugvat, sê vir 'n tydperk van omtrent 'n maand voor daardie dag. Wat was die gesindheid van die Bantoe-inwoners van die lokasie, by voorbeeld, teenoor u en u kantoor? --- Die Bantoe-inwoners van Sharpeville Naturelledorp is, sal ek sê, 90% vrede-liewend en wetsgehoorsame Bantoes, en dit het so aangehou vir omtrent tot in Septembermaand 1959. Toe het ek verskillende klagtes ontvang van die wetsgehoorsame Bantoes in Sharpeville Naturelledorp, waar hulle kla oer die P.A.C. -beweging in die lokasie.

**DIE VOORSITTER:** Wat is die P.A.C.? --- Dit is die Pan-Africanist Congress. Die persone het by my gekla dat hulle bekommerd is oer die beweging in die lokasie, enrede hulle 'n veldtog het waar hulle al die tsotsi-tipes inskryf as lede van die organisasie. In September, reeds, het hulle begin om in die nag vergaderings in die lokasie te hou, en in Februarie, dit is ongeveer 'n maand voor die moedlikheid, het ek weer baie klagtes ontvang. Toe het ek klagtes ontvang van die predikante, van die Bantoe-onderwysers en van die vooraanstaande persone, dat hulle regtig bekommerd is oer die houding wat die beweging inneem in Sharpeville Naturelledorp. Op die aand van die 19e Maart het ek 'n boodskap ontvang en as gevolg daarvan is ek na die lokasie. Daar het ons gevind dat van die Bantoes hulle bewysboekies verbrand het. Toe ek daar aankom, was die Suid-Afrikaanse Polisie alreeds daar. Ons het die nag in die lokasie gebly, en agterna was alles weer stil. Saterdag, die 20e Maart - nee, Saterdag was die 19e Maart. Sondag, die 20e Maart, was ek ook heeldag in die lokasie



en die lokasie was stil. Dit was vir my besonder stil /  
gewees, en ek het die Bantoe-polisie op diens geses en  
gevra dat hulle omtrent elke uur aan my nees rapporteer  
of alles nog in orde is. Om ongeveer half-tien het ek  
die lokasie gebel en met die Bantoe-sersant daar gepraat.  
Om ongeveer half-twaalf kom ek geen verbinding met die  
lokasie kry nie; toe was die telefoon uit orde gewees.  
Ek het van ons ander blanke inspekteurs gaan haal by  
die huis, en ons is na die lokasie-toe. Toe ons in  
die lokasie aankom wou ek ingaan, sees gewoonlik,  
met Secise-straat, maar ek het gevind dat die hele  
straat vol Bantoe-mans was.

VERHOOR HERVAT: Omtrent watter tyd was dit nou?  
--- Dit was net na twaalf-uur, die oggend van die 21e  
Maart - dit was die Maandagoggend, net na 12-uur.  
Ons wou na die Polisiestasie gaan, maar daar was te  
veel Bantoe-mans; ons kon nie deurkom nie. Ons is toe  
net 'n omweg na die Polisiestasie in Sharpeville.

Het voor u verder gaan: U het gepraat van 'n  
tsetsi-tipe; wat bedoel u daarmee? --- Dit is die  
jeugdige Bantoes - ek sou sê die Bantoe-mans tussen  
die ouderdomme 16 tot ongeveer 22, en dit is die tipe  
wat nie vaste werk het nie; die wat jy gewoonlik  
in groepies saam by die bier-depots en op die hoeke  
van die strate kry. Meeste van die tyd is hulle  
werkloos.

Voor u bewas geword het van die bestaan van die  
P.A.C. in die lokasie, het u met daardie tipe enige  
moeilikhed gehad? ---Nee. Vir ongeveer 'n jaar  
gelede het ons probeer om soveel van hulle te plaas by  
die fabriek as moontlik, en ons het ook baie geplaas.

--- Maar ---



maar sees ek sê, vanaf Septembermaand was dit baie moeilik om hulle in werk te kry. Hulle aanvaar die werk vir 'n dag of twee, en dan is hulle weer uit en ons plaas hulle weer by 'n ander werkgewer, en dit is weer 'n dag of twee en hulle is weer werkloos. Ek ken sien hulle het heeltemal 'n ander houding ingeneem.

Maar tot op daardie stadium, was dit persone wat geregtig was om in die lokasie te woon? — Dit is. Hulle was geregtig om daar te woon.

Het u enige moeilikheid gehad met ander persone wat nie geregtig was om in die lokasie te woon nie, maar wat wel daar gewees het? — Van buite?

Ja? — Ja; ons het in die laaste drie maande baie besoekers van die Rand gekry wat nie goed was vir Sharpeville nie.

Die persone wat die P.A.C. georganiseer het, was dit inwoners van die dorp? — Die Uitvoerende Komitee van die P.A.C. wat in Sharpeville gewerk het, was lokale inwoners; maar die Komitee was gestig onder leiding van Bantoes van Johannesburg.

Het u in die lokasie 'n Adviserende Liggaam wat bestaan uit Bantoes? — Ons het 'n Bantoe Adviserende Raad in die lokasie, waarvan sewe lede deur die inwoners gekies is en drie lede deur die Stadsraad.

Wat, meer of min, is die funksies van dié raad? — Die Adviserende Raadlid tree op in sy plek om die mensse advies te gee, en hulle tree ook op as hulp tussen die inwoners en die Superintendent.

Was daardie Raad vir u van hulp gewees? — Van baie waarde.



**DIE VOORSITTER:** Het die Raad gereeld byeengekem, of slegs byeengekem wanneer hulle versoek is om byeen te kom? —Hulle kom gereeld elke maand bymekaar — die gewone maandelikse vergadering; maar as daar iets dringend is, het ons al tot drie/vierkeer in die maand saangekem.

En watter soort van sake val nou binne hulle bevoegdheid? — Baie. Soos by voorbeeld, aanbevelings in verband met wetgewing, word altyd eers na die Adviserende Raad verwys voordat dit na die Bantoesake-Kommissaris, en oplaas na die Parlement, gaan. Die begroting van die Stadsraad word voor hulle gelê; verbeterings in die Bantodorp word voor hulle gelê; geld wat bestee word in die Bantoelekasie word met hulle bespreek, en soos ek sê, alle Bantowetgewing wat die Bantoelekasie raak, word eers met hulle bespreek.

**VERHOOR HERVAT:** En wat was die verhouding tussen die Raad en die P.A.C.? — Hulle was mekaar gladnie goedgesind nie.

Meen jy daardie dat die Adviserende Raad teen die beweging is? —Hulle was; ook die Adviserende het ongeveer, ek dink met hulle Februarie-maand vergadering, ook/by beswaar gemaak dat hulle bekommerd veel oor die P.A.C. -beweging in Sharpeville Naturreldorp.

Uit hoeveel siel bestaan die Sharpeville Naturreldorp? — By die einde van Maartmaand was hulle amper 36,000.



Kan u aan ons sê meer of min uit watter stamme dit hoofsaaklik bestaan? — Ek sou sê 75% uit Soetoes en ongeveer 20% uit Ngoni en die res uit andere.

Is daar veel Basutoes in die Bantodorp? — Ongeveer 75%.

Basutoes? — Ja; ek sal nie sê Basutoes nie; Soetoes. Dit sluit in Soetoes van Basutoland en die Vrystaat en Transvaal, maar dit sorteer onder die Soetoe-groep.

Ek weet nie of u hierdie vraag kan beantwoord nie. Kan u sê uit watter stam die P.A.C. -lede hoofsaaklik bestaan? — Die Soetoe-groep.

En die tsotsi-tipe wat u van praat? — Is die Soetoe-groep.

Voor ons verder gaan: Hier is 'n lugfoto, uit die lug geneem, van die Sharpeville Bantodorp. Herken u dit as sulks? — Ja.

Jy handig dit in aan die Kommissie as sulks? — Ja.

Beslaan dit die hele van die Bantodorp? — Nee.

Watter gedeelte word nie aangetoon op die kaart nie? — Die Suidelike gedeelte, en ook die nuwe erfen-diens-skema.

Ek het nou nie die plan hier voor my nie, maar word die ingang tot die lokasie aangetoon op daardie plan? — Ja; heel bo, aan die Regterkantse hoek.

(Lugfoto van gedeelte van Lokasie ingehandig, Bewysstuk "C").

Ons was vandêre met die inspeksie-ter-plantse in

— die —



die lokasie? — Ja.

Nou, sê nou vir my waar ek verkeerd is. By die ingang na die dorp — dit is Seeiso-straat? — Seeiso-straat, ja.

Dan het jy aan jou regterkant die lokasie-kantore? — Ja, die administratiewe kantore, regs, eerste.

DIE VOORSITTER: Is dit daar aangedui, deur te skrywe "Kantore"? — "Offices", ja.

VERHOOR HERVAT: Dit is onmiddellik buitekant die lokasie? — Dit is net binne die grens, maar buite die woongebied.

Ek het opgemerk dat daar wagters, polisie, is? — By die hek; by die ingang, ja.

Daar is 'n hek, nê? — Daar is 'n hek, en daar daar is altyd 'n Bantoe-konstabel op diens.

Maar jou kantore val nou net buitekant die hek? — Net buite die hek.

Maar nog binne die grense van die lokasie? — Dit is reg.

En dan, onmiddellik aan die linkerkant, binnekant, as jy die hek deurgaan, het jy die ...? — Die bier-brouery. Die eerste gebou, die enkelverdieping-geboue is Bantoe-ethniese, en net langs is die drie-verdiepinggebou, die vier-verdieping-gebou, die bier-brouery.

En dan, aan die regterkant, soos jy ingaan, het jy die enkel-kwartiere? — Ja.

Wat toegekamp is met draad? — Dit is korrek.

Hoeveel Bantoes word daar gehuisves? — Ongeveer



1,700.

**DIE VOORSITTER:** Is dit die wat aangedui word, "Hostel"? — Dit is reg.

**VERHOOR HERVAT:** Die Polisie is hoe ver van die ingang? — Met Seciso-straat op, sou ek sê ongeveer twee myl.

Die straat onmiddellik aan die Westekant van die Polisiestasie, waar beweer word dat die skietery plaasgevind het, is Zwane-straat? — Zwane-straat, ja. Zwane-straat en Seciso-straat loop innekaar.

Waar loop hulle innekaar; aan die Suidekant van die Polisiestasie? — Ja; aan die Suidekant, voor die Gemeenskapsaal - eintlik Wes-Suid.

Hou kan u vir ons weer sê, waar was die skare wat u van gepraat het, daardie nêre ontrent 7-uur? — Die oggend vroeg het ons die eerste groep gekry, regeer die sportsgronde; dit is tussen die Polisiestasie en die sportsgronde. Dit is net be-kant, waar Seciso-straat en Zwane-straat innekaar loop. Daar het ons die eerste groep die oggend gekry.

Waar die twee strate innekaar loop, word dit aangetoon op die plan? — Nee. Dit kom net bymekaar.

Hoe groot was die skare toe? — Daar was ongeveer 500 Bantoes aan gewees; maar dit was nog in die nag.

Watter tyd was dit ontrent? — Ongeveer 3-uur. Ek het met my getuigenis begin - toe ek Polisiestasie-toe was, het ek kapt. Cawood daar gekry, en kapt. Cawood het my gevra om saam met hom te ry omdat hy die lokasie nie goed ken nie. Kapt. Cawood is nog nie lank hier nie. Toe ons uitgaan, uit die Polisiestasie, het ons in Zwane-straat op gery en 'n paar



honderd treë op in Zwane-straat het ons 'n klomp Bantoevrouens op die aapaadje gekry wat gestaan en hail het.

**DIE VOORSITTER:** Wag net so'n oomblikkie. As u nou sê u het Zwane-straat op gery, wat bedoel u - in watter rigting? — Van die Polisie-stasie af, in 'n Oostelike rigting. Ons het op die hoek van die straat 'n klomp Bantoevrouens saam gekry, wat gehail het.

As u sê "'n klomp", wat bedoel u; min of meer hoeveel? — Ek sou sê ongeveer twintig. Kapt. Cawood - ek was saam met hom in die kar - het sy Bestuurder beveel om by hulle stil te hou. Hy het aan hulle gevra wat makeer, en hulle het gesê dat 'n klomp Bantoesmans hulle mans uit die huise kom haal het, en dat hulle bang is dat dié Bantoesmans hulle mans sal vernoor. Kapt. Cawood het aan hulle gevra, "Waar is hulle met julle mans heen?" en hulle het beduie in die rigting van die sportsgronde. Kapt. Cawood het gesê dat ons moet omdraai, en ons het gery in die rigting van die sportsgronde. Ek dink daar was ongeveer vier Polisie-voertuie. Toe ons naby die Sportsgronde kom, het ek gehoor dat 'n klomp Bantoesmans skree, fluitjies blaas en 'n lawaai opskep, in 'n donker plek tussen die Klourling-wenkhuise en die sportsgronde.

Kan u net vir my verduidelik: Hier op die Suid-Westelike punt is daar 'n groterige gebou? — Dit is die Gemeenskapsaal.

Het betrekking tot daardie Gemeenskapsaal, waar was hierdie groep? — Reg voor die Gemeenskapsaal.

In die onmiddellike omgewing? — In die onmiddellike  
— omgewing —



omgewing, ongeveer 200 treë van die Gemeenskapsaal.

VERHOOR HERVAT: Ja, gaan aan? --- Kapt. Cawood het beveel dat sy kar-bestuurder nees uitdraai en die kar se ligte lig op die Bantoes in die donker. Die ander voertuie het lange sy kar ingetrek. Hy het uitgeklim en gevra dat ek saam met hom nees stap na die Bantoes-toe. Hulle het na vore gekom, en het baie lawaai gemaak. Kapt. Cawood het sy hand op gesit en hulle geroep, en een Bantoesman het na vore gekom. Hy het voor ons gestaan en Kapt. Cawood het aan hom gevra, "Wat maak julle?" en hy het aan Kapt. Cawood gesê hulle hou 'n "meeting".

DIE VOORSITTER: Watter taal is gebruik? --- Afrikaans. Hy het gesê, "Oms hou 'n 'meeting'". Kapt. Cawood het aan hom gevra of hy toestemming het vir 'n "meeting" in die Naturellekorps en hy het gesê dat hy aansoek gedoen het, maar nog nie toestemming gekry het nie. Kapt. Cawood het toe aan my gevra of hier van die Bantoes toestemming gekry het vir 'n vergadering, en ek het "Nee" gesê. Terwyl kapt. Cawood met my gepraat het, het die Bantoes na vore gekom. Die Polisie het agterom gestaan, en die Bantoes het beweeg; dit het gelyk of hulle en kapt. Cawood wou gaan. Kapt. Cawood het aan hulle gesê dat hulle onwettig optree, dat hulle nie 'n vergadering mag hou nie en dat hy hulle vyf minute tyd gee en uitmekaar te gaan. Ek het gesien dat hy na sy horlosie kyk. Ek het 'n lig in my hand gehad en ek het op sy hand gelig. Hy het na sy horlosie gestaan en kyk en terwyl hy gestaan en kyk het, het die Bantoes nog vorentoe gekom en hulle was ongeveer twee treë van



ons af. Kapt. Cawood het toe aan hulle gevra, "Gaan julle uitmekaar, of nie?" en hulle het nog nader gekom en kapt. Cawood het die Polisie beveel om hulle uitmekaar te jaag.

VERHOOR HERVAT: Hoeveel Polisiemanne was daar geweest? — Ek skat ongeveer agttien blanke Polisie en ongeveer twintig Bantoe-polisie. Hulle het die Bantoes gestorm. Party van die Bantoes het hulle kieres neergegooi en hulle het weggehardloop.

Watter persentasie, sou u sê, was gewapen met kieres? — Ek sou sê ongeveer driekwart. Ek het daar Bantoes gesien wat pikstele gehad het, en byle en ander kieres. Kapt. Cawood en ek, nadat hulle gehardloop het, het na vore beweeg in die rigting waarin hulle gehardloop het. In die donker het iemand twee skote op ons geskiet en kapt. Cawood het beveel dat ons mees omdraai, omdat hy sê dit te gevaarlik is in die donker. N3  
2

Kan u aan ons sê, uit welke tipe persone het hierdie skare van 500 bestaan? — Dit was oud en jonk gewees.

Mans en vrouens? — Nee; daar was nie vrouens nie. Dit was Bantoe-mans, en dit het gelyk, volgens hulle klere drag, na die werkmense, die algemene inwoners van Sharpeville.

Kon u enige idee vorm van wat hulle besig was om te doen? Hulle het gesê hulle wil 'n "meeting" hou? — Ja.

Het dit so voorgekom? — Dit het so gelyk. Na hulle weggehardloop het, is ons terug na die Polisiestasie. Voor die Polisiestasie het weer 'n paar Bantoe-mans gestaan,



en hulle het ook by kapt. Gawood gekla dat daar van hulle huise se vensters beskadig was, dat daar van die deure beskadig is, en dat 'n groep Bantoesmans van huis tot huis gaan en hulle opklop en vir hulle se hulle moet saangaan, en as hulle nie saangaan nie, word hulle aangerand. En iemand het aan ons gesê dat tussen die skole - u sal sien op die kaart, net hier waar "Beeise Street" geskrywe staan, het ons aan beide kante skole.

**DIE VOORSITTER:** Is dit waar die twee oop terreine is? --- Die twee oop terreine. Daar is rye bome, en dan is daar twee skole aan die regterkant en drie skole aan die linkerkant. Op daardie oop grond het iemand gekla, is ook 'n klomp Bantoes bymekaar. Ons is van die Polisiestasie om net Beeise-straat na die oop plek, daar.

**Min of meer hoe laat was dit?** --- Dit was ongeveer half-vier.

**Die more?** --- Die oggend van die 21e. Daar gekom, het ons ook ongeveer 300 Bantoesmans saam gevind op die hoek van die straat. Toe kapt. Gawood by hulle stilhou, het hulle 'n dreigende houding ingeneem. Hulle het vinnig na vore beweeg, in die rigting van die voertuig. Kapt. Gawood het vinnig uitgespring en vir hulle in Afrikaans gesê dat hulle hul wapens nees neersit.

**VERHOOR HERVAT:** Hoeveel van hulle was gewapen? --- Seker omtrent driekwart. Die voorste ry, wat ek gesien het, was almal gewapen.

**Was dit weer net mans, of ...?** --- Almal mans. Daar was nie één vrou nie. 'n Paar van die voorste Bantoes het hulle kieres neergegooi, maar die ander het nader gehardloop en kapt. Gawood het die Polisie

--- instruksies ---



instruksies gegee om hulle uitmekaar te jaag. Nog voordat die Polisie gestorm het, het hulle - het die Bantoes klippe na die Polisie gegee, en ook na my; ek het ook teruggehardloop.

Hoe ernstig was die klippegoery? --- Hulle het baie klippe gegee. Ons het teruggegaan en in die voertuie geklim, en om die skool gery; en toe ons regeer die skoolgebou kom, het hulle die voertuie gegee met klippe uit die donker. Kapt. Cawood het toe beveel dat ons moes teruggaan na die Polisiestasie en ons is weer terug na die Polisiestasie.

Het hulle die voertuie raakgegee? --- Ja; hulle het van die Polisie-voertuie raakgegee, en ook van ons Municipale voertuie, ja.

Onder daardie voertuie, was daar een voertuie, wat mense sou blootgestel het aan die klippe? --- Ja. Daar was een, een voertuig van, ek dink "TVB" - van Vanderbijlpark-Polisie, en een van Vereniging Polisie. En daar was blanke en Bantoeskonstabels agter op, wat oop gestaan het.

Is enige van hulle beseer? --- Hulle was raakgegee.

Ek bedoel terwyl hulle op die vragmotor was? --- Ja. Vandaar is ons terug na die Polisiestasie. Toe ons daar aankom, het daar nog 'n paar blanke Polisie opgedaag, en ons was toe ongeveer, ek dink sewe voertuie. Kapt. Cawood het instruksies gegee dat die lokasie gepatrolleer moes word. Ons is in verskillende strate om, en kapt. Cawood het my gevra dat ek veer kom, veer in die kar moes ry en kom te wys waar die erf-omdiens-skema is, en waar die een plekke, die donker

--- hulle ---



kolle in die lokasie is. Ons het van plek na plek gegaan, en op verskillende plekke het ons groepies Bantoesmans saam gekry, wat wissel van 50 tot sê 200. Maar elke keer wanneer die voertuie by hulle stilhou, het hulle weggehardloop in die donker.

Kon jy uitmaak wat hulle besig was om te doen?

--- Hulle het in groepe saam gekom, maar dit is moeilik om te sê wat hulle daar gedoen het. Dit het se aangehou tot ongeveer 5-uur. Toe was die lokasie heeltemal stil. Daar was nie meer groepe mense gewees nie. Ongeveer 5.30 ...

Die groepe wat u gekry het, was hulle gewapen?

---Ja; almal het kieres gehad.

En hulle het bestaan net uit mans? --- Almal; net mans. Daar was nie Bantoesvrouens nie. Om ongeveer half-ses, het ek opgemerk dat die gewone busse wat inkom elke oggend om die werkers uit te neem, nie ingekom het nie en ek het iemand na die busdiens gestuur om vas te stel hoekom die busse nie inkom nie. Ons is terug na die bushalte, waar die mense toe begin saamkom het. Daar het geen busse opgedaag nie.

Met watter doel het daardie mense saamgekom? ---

Ek het geglo dat hulle wou werk-toe gaan. Hulle het van verskillende rigtings gekom, tot net hier - hier is 'n gebou net hier; dit is die bus-terminus. Hier is die mark, en hier is die Municipale Markgebou. Die bus-terminus is net voor die mark.

Dit is nou in Secise-straat? --- Dit is in Secise-straat.

Sou dit wees tussen die ingang en die Polisie-stasie?

--- Ja ---



---Ja, en die Gemeenskapsaal, heel bo, tussamen.  
Daar het nense saangeken, en ons het by hulle stilgehou  
en met hulle gepraat, en hulle het aan ons gesê hulle  
wag vir die bus en dat hulle op pad werk-tee is.  
Ons het daar gewag vir ongeveer - dit was al anper lig  
maar daar het nog geen bus opgedaag nie. Toe het ek  
'n rapport gekry van die busdiens dat daar nie 'n bus  
sal inkom nie; hulle het geen bus-bestuurder, Bantoes-  
bus-bestuurders beskikbaar nie. Ek het toe weer  
uitgestuur en gevra dat hulle mosse blanke bus-bestuurders  
instuur en ek het ook beveel dat die blanke bus-  
bestuurders moes vir ons wag voor die Administratiewe  
Kantore; maar ongelukkig was daar 'n misverstand  
en terwyl ons by die bus-terminus was, het die blanke  
bus-bestuurders ingekom van onder, en die Bantoes het  
die bus voorgekeer en met klippe gegoel.

DIE VOORSITTER: Watter bantoes was dit? --- Dit  
is die Bantoes wat hier op die sypanadje was.

Nie die wat by die bus-terminus self gestaan het  
nie? --- Nee; nie die wat by die bus-terminus gewag  
het nie. Dit was toe heeltemal lig, en van oral  
het toe groepies-groepies Bantoes saangeken op die  
hoeke van die strate en van die bus-terminus af kon  
ek sien dat ongeveer voor die hertel, 'n groep  
Bantoes saangeken het.

VERHOOR HERVAT: Dit is nou dieper, in die  
lokasie in? --- Nee, dit is op die buitekant. Ons  
was by die bus-terminus, hierbinne, en ek kon met  
Secise-straat af sien daar kom 'n groot klomp bantoes  
saam, by die hertel. Ek het dit aan kapt. Gaweel  
rapporteer en hy het dit toe weer aan die majoor

--- gerapporteer ---



gerapporteer. Maj. van Zyl het in die tussentyd opgedaag. Maj. van Zyl het beveel dat ons almal terug moes gaan na die Administratiewe Kantore. Ongeveer 7-uur het ons by die Administratiewe Kantore gekom. Daar het ons ongeveer 2,000 Bantoesmans en -vrouens saam in die straat gekry. Hulle het marsjeer in die rigting van die brouery, na Vereeniging. Maj. van Zyl het instruksies gegee dat die Polisie moes inval, voor hulle, en hulle keer. Die Polisie het ingeval en hulle gekeer, ongeveer 150 treë van die bierbrouery af. Daar het baie Bantoesmans uit die lokasie gekom met trapfietse op pad na die werk-toe. Dit was die grootpad, uit werk-toe, en elke Bantoe was voorgekeer deur die 2,000 Bantoes, daar.

Was hulle nog net mans, of was daar toe vrouens, ook? --- Nee; daar was toe vrouens tussamen. Maj. van Zyl het uitgegaan en met hulle gepraat, maar hulle het geskree; hy kon niks doen nie. Ek het na vere gegaan en ek het ook met hulle gepraat. Hulle het geluister as ek praat, maar hulle het net op die plek bly staan; hulle het nie teruggegaan nie.

Was daar persone wat u kon sien, wat leiers was van die skare? --- Ja. Daar het 'n groep Bantoesmans, ongeveer 20, afgemarsjeer met Secise-straat, in die rigting van dié groep. Die groep daar het vir hulle 'n opening gemaak en hulle het tussen hulle in-marsjeer. Hulle het tot voor die Polisie gemarsjeer, en voor Maj. van Zyl met hulle hande geswaai en "Afrika!", "Afrika!", geskree. Ek het weer na die Bantoes gegaan, en ek het met hulle gepraat aangesien ek baie van hulle geken het. Dit het gelyk of hulle wil terugval.

---Hulle ---



Hulle het ongeveer 50 tre" teruggeval, en toe het 'n klomp Bantoes, ongeveer 500 tot 700, uit die hostels gekom, die hek oopgemaak en ook by die groep aangesluit. Hulle het begin skree en lawaai, en hulle het hulle nie aan my gesteur nie.

Watter klomp was dit? — Die klomp wat uit die hostels uitgekom het.

Was hulle gewapen geweest? — Ja; party het kieres gehad, maar nie soveel as deur die nag nie. Maj. van Zyl het instruksies gegee dat iemand traangas moes gaan haal, en daar is van die Polisie weg en ons het daar in die pad bly staan totdat die traangas terug was. Daar was, regvoor die hostel se hek, traangasbomme na die skare gegooi, wat ek sal se toe aangegroei het tot ongeveer 5,000. Die traangasbomme het tussen hulle geval; party het gebreek, party nie, en die Bantoes het teruggeval vir ongeveer 100 tre" Toe het daar meer Bantoes van die lokasie opgedaag, van agter. Daar het ek gehoor dat die majoor instruksies gee aan kapt. Gaweel dat hy na Vanderbijlpark moes gaan, en maj. van Zyl het self oorgeneem. Ek was ongeveer vyftig tre" agter die Polisie en ek het gesien dat die majoor weer na vore gaan, dat hy sy hand opsteek en dat hy met die Bantoes praat. Dit het niks gehelp nie.

Het u te enige tyd gehoor wat gesê was aan die Bantoes - of aan/hulle leiers, of aan die/persone wat daar was? —Nee.

Is daar niks gesê, wat die doel was, waar hulle op pad heen was nie? — Aan die praat het ek verstaan hulle wou opmarsjeer na die Polisieostasie in Vereeniging, in die dorp.



Ja? --- Ek was, soos ek sê, agter die Polisie en ken nie hoor nie, maar ek het gesien dat die Polisie inval in 'n ry voor die Bantoes, en dat maj. van Eyl en die Polisie die Bantoes sterkloop. Halle het uitnekaar gehardloop, in die rigting van die blek winkels. Daar is 'n blek winkels net hier in die opening, langs die hostel, en ook na die huise. Die hele opening daar was toe vol Bantoes. Almal het teruggehardloop. Ek het gesien dat een blanke konstabel se pet afval en iemand het hom met 'n klip op sy kop gegee en hy het geval. Toe hy val, het 'n klomp Bantoes op hom teegesak en daar was skote gevuur, deur die Polisie.

Is daar geskiet in die rigting van die wat die ...? --- Na die Polisieman gehardloop het. Maar dit het vir my gelyk asof halle in die lug geskiet het. Ek was bekomerd, en het ook soseentoe gehardloop. Ek het na die Bantoes gekyk, maar ken niemand sien wat beseer was nie; maar die blanke Polisie het daardie konstabel gaan help en hom teruggebring na die Polisie-toe, en ek het gesien dat sy hele gesig vol bloed was.

Voer daardie een voerval, wat u nou van praat, waar die een blanke Polisieman beseer was, was daar ander gevalle waar klippe gegee was? ---Ja; dit was net toe die majoor die Polisie laat inval het. Soos ek vir u sê, ek was ongeveer 50 treë agter. Ek het gesien die majoor bedink iets; die Polisie het in 'n ry ingeval, en net voor die Polisieman se pet afgeval het, het die skare halle gegee met klippe. Toe het die Polisieman geval, en hy was raakgegee.

--- Vandaar ---



Vandaar het die skare uitmekaar gehardloop, ek sou sê ongeveer 5,000 na 6,000 altesaam; hulle het toe heeltemal uitmekaar gehardloop in die rigting van die woonbuurte, van die huise, en die majoor het die Polisie beveel om agterna te gaan in die rigting van die Polisiestasie. Ons het ingegaan. Ek het agterna gegaan, tot hier by die eerste oop blok; daar is 'n Municipale melkery. Dit is net hier in die eerste blok; daar is 'n opening. Aan die regterkant is daar eers die poskantoor, dan 'n Municipale melkery en aan die linkerkant 'n bier-depot. Hier heel onder, net as u ingaan, tussen die huise, van die kantoor af.

Laat ons nou vat van die hek af. Dan kry jy die enkel-kwartiere, daar? — Die enkelkwartiere.

En dan kry jy weer ...? — Daar is 'n blok winkels. Dan die oop grond, en daardie een huise, alleen, is 'n kraghuise. Dan die woonhuise, dan die poskantoor.

Aan die regterkant? — Aan die regterkant. En weer aan die regterkant, die melkery en aan die linkerkant, net regoor, op die opening, is 'n bier-depot. Net voor ons daar gekom het, het die Polisie in die straat opmarsjaar, in die rigting van die Polisiestasie en daar was klippe gegee uit die agterplase, van beide kante.

Maar nou, verstaan ek, ons is nog in Seeise-straat? — Ons is nog in Seeise-straat.

Nou, verstaan ek dat voordat hulle opmarsjaar het, soos u sê, was die skare aan die Polisiestasie se kant, en die Polisie self was aan die hek se

— kant —



kant? —Ja; die Polisie was nou nog hier agter, en die Bantoes het na die lokasie gehardloop.

Moes hulle toe deur die skare gaan? —Ja. Hulle moes deur die skare gaan, na die Polisiestasie. En toe hulle tussen die huise kom, tussen die skare, het hulle — van beide kante was klippe na die Polisie gegee.

Het die straat toe nog vol gestaan, of het hulle gevlug? —Hulle was in die systrate. Elke tweede huis het 'n systraat, en elke systraat was vol Bantoes; en net as die Polisie reguit, regoor die systraat, kom, dan was daar klippe vanuit die systraat op die Polisie gegee.

Ja, ek volg; gaan aan? — Daar het ons stadig beweeg. Maj. van Zyl het aan die linkerkant, op die sypaadjie, geloop en ek voor — mr. van Zyl op die regterkant; ekakus — en ek voor aan die linkerkant, op die sypaadjie. Ek het van huis tot huis met die Bantoes gepraat en gevra dat hulle asseblief in hul huise en hul agterplase moes bly, omdat hulle toe in groot groepe in elke straat saangedrom het. Ek het een van die Adviserende Raadslede gekry en hom geroep, en hom gevra om ons te help, en hy het ook met die mense gepraat. Aan die Suidekant, aan my kant, het die mense teruggeval tussen die huise in, maar aan die regterkant, aan die kant van maj. van Zyl en die Polisie, het hulle nie teruggeval nie. Ons het stadig beweeg, tot by die eerste skool — dit is die opening, nou nog in Secisostraat.

Dit is nou die volgende groot opening? — Die volgende groot opening. Toe ons by dié opening kom,

— het —



het ek gesien dat daar 'n groot skare Bantoes van voor na die Polisie marsjeer - dat daar 'n groot skare Bantoes van die Polisiestasie se kant, na die paar Polisie in die straat marsjeer. Hulle het teenoor mekaar opgekom. Maj. van Zyl het die Polisie gevra om te staan. Die Polisie het daar gestaan vir ongeveer 'n halfuur.

Die nuwe groep kom nou in Secisestraat af? --- In Secisestraat af, in die rigting van die Polisie.

Julle het nou aan julle agterkant ...? --- Agter is Bantoes, aan beide kante is die systrate vol Bantoes, en hier kom 'n groot klomp Bantoes van voor.

'n Rietjie vrees het julle die Bantoeskare nou gekeer, teruggedryf? --- Dit was voor die hostel, die enkel-kwartiere, ja.

Maar is julle tussen hulle deur? --- Ja.

Wat was die idee; was die moontlikheid toe nie nog daar dat hulle sou verder aangaan, weer op pad na Vereeniging-toe nie? --- Nee; dit het vir my gelyk of maj. van Zyl bekommerd was oor die Polisiestasie binne die lokasie, en ek het gehoor dat hy aan die Polisie gesê het, "Ons moet probeer deurgaan na die Polisiestasie-toe."

Nou kom ons te staan voor 'n skare wat van voor af kom? --- Van voor, van agter, en aan beide kante.

Hoe laat was dit ontrent? --- Dit was ongeveer 11-uur. Terwyl hulle daar saam was, het die majoor beveel dat hulle net moes staan. Ons het almal daar gestaan, en daar was met tussenposes klippe vanuit die agterplase na die Polisie gegoel. Terwyl ons daar was, het die direkteur, mr. Ferreira, mr. v.d. Walt en ander



nense opgedaag met 'n kar en hulle wou van die kanteer na ons-toe kom onrede hulle sekere informasie gehad het, en terwyl hulle op pad was, was daar klippe gegee na die voertuig wat hulle gery het, ook vanuit die strate. Mr. Ferreira het by ons gekom. Ons het met hom gepraat. Hy het omgedraai en toe hulle teruggaan, het ons gesien dat die voertuig weer gegee was, en hy is uit. Ons het daar gewag tot ongeveer 11.30.

By watter plek? --- Dieselfde plek. Ons ken nie beweeg nie. Ons ken nie na vore nie, ons ken nie na die sy-kante nie en ons ken ook nie agter uit nie.

Wat was die houding van die klomp voor? --- Hulle was dreigend.

Het hulle klippe gegee? --- Nee; op daardie stadium het die wat van voor gekom het, nie gegee nie. Naas daar het Bantoesmans voeruit gekom en reg voor mr. van Zyl gaan staan en hulle hande geswaai en beduie, en "Afrika!" "Afrika!" geskree, en daarna het hulle "Nkosi sekelele" gesing; en dit het vir my gelyk dat die groep en die Polisie die kring al nouer maak.

Hoe ver het hy van maj. van Zyl af gekom, hierdie groep? --- Tot by hom; ongeveer 'n tree voor hom. Dit het vir my gelyk of hy sy pet sal rank.

Wat was u indruk van sy handebewegings; was dit 'n vriendelike gebaar? --- Nee; hy het maj. van Zyl uitgedaag. Hy het "Geme! Geme! Geme!" gesê.

DIE VOORSITTER: Aan wie - maj. van Zyl, of die nense agter hom? --- Nee, aan maj. van Zyl. Hy het met sy rug na die groep gestaan en hy het na maj. van Zyl gekyk en gesê, "Geme! Geme! Geme!" Hy het met sy hande so geswaai en gesê, "Geme! Geme!"

--- Geme! ---



"Gemei" Maj. van Zyl het daar omgedraai en sy rug op hom gedraai. Hy het na my-toe gekom en aan my gesê dat die posisie ernstig is. Ek het nie gewest - maar terwyl hy terugkom, het ek gesien dat daar Polisieversterkings van die kantoor se kant na ons-toe kom. Die majoor het toe gesê dat hy nie kans sien om verder aan te gaan sonder versterkings nie.

VERHOOR HERVAT:  
/Hoeveel manskappe was daar toe, wat toe daar gestaan het? --- Ek het hulle nie getel nie, maar ek sou sê ongeveer 20 na 25 blanke konstabels en ongeveer 20 Bantekonstabels.

Het hulle voertuie? --- Met hulle voertuie.

Op die voertuie, nou, of ...? --- Nee. Die voertuie het alleen beweeg en die Polisie - daar is 'n middelman in die straat en die Polisie het op die middelman geleop, met die voertuie aan die linkerkant. Daar het toe versterkings opgedaag - ek dink twee vragmotors vol, met Johannesburg registrasienuumers. Die kaptein het uitgeklim en hy het na my en maj. van Zyl gekom, en die Polisie het die saak bespreek.

Weet u wie die kaptein was? --- Ek dink kapt. Fouche. Maj. van Zyl het daar instruksies gegee en gesê daar sal twee saracens opdaag en ons moes wag totdat die saracens opdaag. Iemand het aan my gesê dat ek by 'n vragmotor se dak moes klim en kyk in die rigting van die Gemeenskapsaal. Ek het opgeklim, hier tussen die skole, en die Bantoes het een blok vas gestaan, van die skole tot by die Gemeenskapsaal - die hele straat vol.

Die Gemeenskapsaal ...? --- Is die groot gebou, heel in die hoek.

--- Heel ---



Heel in die hoek van die foto? --- Ja. In die Suid-Westelike hoek. Dit het vol Bantoes gestaan. Ek het gesien dat daar twee saracens kom en hulle het reg voor die hostel parkeer, aan die linkerkant van die pad; en hulle het daar gestaan vir ongeveer 15 minute en hulle het toe beweeg in ons rigting. Hulle het tussen die Bantoes in beweging, en daar was klippe na hulle ook gegooi.

DIE VOORSITTER: As u nou sê, by voorbeeld, klippe was na hulle gegooi, is dit u eie waarneming of het u dit later van ander mense vernem? --- Nee, ek het dit gesien. Ons kon sien, soos hulle inkom, daar word klippe vanuit die systrate na die saracens gegooi.

VERHOOR HERVAT: U het nou beskryf hoe hulle 'n bank volgestaan het na vorentoe? --- Ja.

Die straat agter, waar hulle nou voorheen in die systrate ingegaan het - wat was die posisie daar? --- Dit was toe weer vol Bantoes, en hulle het pad gemaak vir die saracens om deur te gaan. Die Bantoes het self padgegee sodat die saracens kan deurkom. Toe die saracens by ons kom, het ek gesien dat maj. van Zyl die Polisie in twee groepe deel en maj. van Zyl het die saracens gevolg met Seciso-straat, in die rigting van die Polisie-stasie. Hy het aan my gevra dat ek die ander Polisie met 'n capad moes neem na die Polisie-stasie.

DIE VOORSITTER: Min of meer hoe laat was dit - by benadering? --- Dit was ongeveer 12-uur. Het voor ons uitnekaar is, het daar 'n vliegtuig oor ons gekom wat klickies geneem het. Dit was tussen 11-uur en 11.30. Maj. van Zyl ...

---VERHOOR HERVAT ---



VERHOOR HERVAT: Het een vliegtuig? — Het een vliegtuig - 'n klein vliegtuig.

Hoe kon jy sien dat dit kiekies neem? — Dit het baie laag oor my gedraai. Dit het skuins gedraai, en hier waar ek in die straat gestaan het, kon ek sien hy neem kiekies van ons, en ook van die omgewing.

Om net dit duidelik te kry: Maj. van Zyl gaan nou en ...? — Hy volg die twee sarasens op, in die rigting van die Polisiestasie, in Secise-straat.

Deur die skare? — Deur die skare, ja.

En u gaan net 'n systraat af? — En ek is met die ander Polisie in 'n systraat af, links om, tot in Zwane-straat. Maar ook net, voor ons uitmekaar is, het een Bantoesman met 'n P.A.C. -kaartjie aan sy baadjie na vore gekom en vir die skare gesê, "Come, come! Let us march to the Police Station".

DIE VOORSITTER: Die P.A.C. -kenteken, waaruit bestaan dit? — Dit is - party is groen en party is blou kaartjies, aan hulle baadjies; hulle het dit aan die lapel gehad. Bo-aan staan in swart letters gedruk, "P.A.C. - Africa for the Africans!"

U sê die man het 'n kenteken aan gehad; is dit die kenteken aan sy baadjie? — Dit was die teken aan sy baadjie. Hy het gesê, "Come, Come! Let us march to the Police Station". Net voor die sarasens beweeg het, het die Bantoes ongedraai en vir hom gevolg in die rigting van die Polisiestasie en die sarasens het tussen hulle in gegaan.

VERHOOR HERVAT: Met ander woorde, neem dit dat

— hulle —



hulle teruggedraai het na die Polisie-stasie-toe? —

Hulle het ongedraai, ja.

Voor maj. van Zyl? — Hulle het voor maj. van Zyl aan beweeg, in die rigting van die Polisie-stasie. Ons is links-on tot in Zwane-straat en net reg voor die laaste twee huise in Zwane-straat, hier waar "xl" gemerk is, (Bewysstuk "G") ...

Dit is die plek wat u ook met die inspeksie-ter-plaatse aan die Kommissaris uitgewys het? — Dit is reg. Daar het — ek dink dit was kapt. Coetzee; dit is die kaptein wat van Johannesburg gekom het — beveel dat ons daar nees wag.

Het hoeveel man en hoeveel voertuie? — Ek kan onthou daar was twee groot vragmotors van die Polisie, en daar was twee voertuie van die Stadsraad.

Hoeveel man? — Ek sou sê ongeveer dertig blanke Polisie, ongeveer 25 Bantoe-polisie. Ons het daar gestaan, omdre vanwaar "x" gemerk is, was die straat vol Bantoes voor die Polisie-stasie en ook op die oop grond aan die regterkant, was Bantoes. Dit is nog hier waar "x" is, die oop grond, net voor dit.

Die gebou net voor jy by die Polisie-stasie kom? — Ja. Daar was vol Bantoes, en agter, om die Polisie-stasie, was vol Bantoes.

DIE VOORSITTER: U verwys na die oop grond aan die Oostekant van die Polisie-stasie? — Aan die Oostekant, en die oop grond aan die Noordekant, en Heine-straat, aan die Suidekant was vol Bantoes gewes. Ek sal sê daar was ongeveer 6,000 na 7,000, altesaam. Dit was net na twaalfuur.



As u sê 6,000 na 7,000, na wat verwys u; Bantoes om die Polisiestasië - die hele aantal wat daar nou aanwesig was? ---Ja. Dit was in die straat, voor ons en om die Polisiestasië.

VERHOOR HERVAT: Die skare wat jy toe verlaat het, daar, toe jy met een van die saracens langs die systrate is, kon hulle toe al by die Polisiestasië gewees het? ---Nog nie. Terwyl ons daar gestaan het, het groot groepe Bantoes en -vrouens opgedaag van die rigting van Secisostraat af, aan die agterkant van die Polisiestasië.

Jy sê dit was omtrent watter tyd? ---Net na twaalf-uur.

Het julle toe daar bly staan? --- Kapt. Coetsee het instruksies gegee dat ons daar nees staan. Daar het toe van die Bantoes, ook met P.A.C. -kaartjies aan hulle handjies, uitgekom en hulle hande geswaai en geskree, "Afrika! Afrika!", voor die Polisie. Daar het Bantoesvrouens uitgekom tot voor die Polisie, en hulle rokke so gegryp (dai aan) geswaai en ...

DIE VOORSITTER: Bedoel u hulle het dit opgetrek? --- Hulle het hulle rokke opgetrek en voor die Polisie gedraai. Terwyl ons daar gestaan het, het daar vliegtuie opgedaag. Die vliegtuie het laag oor die Bantoes voor die Polisiestasië gevlieg. Dit het vir my gelyk of die vliegtuie die Bantoes meer uittart. Van die Bantoes het hulle handjies uitgetrek en in die lug na die vliegtuie geswaai. Die vliegtuie het vir ongeveer vyftien na twintig minute aangehou. Daar het toe baie Bantoes en -vrouens uit alle rigtings na die Polisiestasië gehardloop. Waar ons was, by ons

--- verby ---



verby, vanuit die systrate, het hulle al meer, mit die systrate in die rigting van die Polisiestasie gehardloop. Ongeveer 1-uur was ek muskierig ontrent wat aangaan by die Polisiestasie en ek het vanwaar ons was, tussen die skare deur beweeg en aan die Oostekant oor die draad geklim, in die kamp van die Polisiestasie.

Het die Bantoes u toegelaat om ongestoord deur te gaan? — Ja. Ek het ook met baie van hulle gepraat, en baie het vir my gegroet. Ek is tussen hulle deur, en oor die draad. Toe ek binne kom, het ek weer met die Bantoes teen die draad gepraat, en elke keer as ek praat, het hulle stilgebly; maar net sodra ek omdraai, dan skree hulle weer, "Afrika! Afrika!" en sing "Ikosi sekelele".

VERHOOR HERVAT: Aan watter kant van die Polisiestasie het u met hulle gepraat? — Reg voor, dit is nog in Zwane-straat; tussen die klein hekkie voor die Polisiestasie, en waar die Polisie aan die Oostekant gestaan het. Ek het verskeie pogings aangewend om met hulle te praat, en elke keer as ek praat het hulle stilgebly, maar daarna weer geskree. Toe ek voor die Polisiestasie kom, het ek gesien dat van die Bantoesmans wat hier voor die Polisie was, oor die draad spring — dit is nou in Zwane-straat.

Daar is 'n klein hekkie in Zwane-straat? — Ja, daar is so'n wit hekkie voor die Polisiestasie — dit is die paadjie na die hekkie.

Dit is die voetgangersingang? — Die voetgangersingang, ja.

En met die inspeksie-in-loce het ons by die groot ingang, aan die Westekant, ingekom? — Ja. Ek was



nou tussen die klein hekkie en die Polisie aan die Oostekant. Dit is heeltemal op die linkerkantste hoek van die Polisiestasie - aan die Oostekant.

Dit is aan die Oostekant, waar die groot hek is? ---Nee; die groot hek is aan die Westekant. Terwyl ek met hulle gepraat het, het ek gesien dat van die Bantoesmans wat eers in Zwane-straat voor die Polisie was, met die kaartjies aan hulle baddjies, oor die draad spring, in die binneplein van die Polisiestasie.

DIE VOORSITTER: Waar sou hulle min of meer oer gesprink het, met betrekking tot <sup>die hekkie in</sup> Zwane-straat, wat toegang tot die Polisiestasie verleen? --- Dit was nog in Zwane-straat, maar net voor jy by die klein hekkie kom.

Sou dit nou ges wees van die klein hekkie? --- Dit is Oos van die klein hekkie. Daar het twee Bantoesmans oorgesprink en aan die binnekant van die draad hulle gesigte na die Bantoes gedraai en vir hulle so (beduie) gewys en "Afrika!" "Afrika!" geskree.

Met ander woorde, met albei hande - met albei arms gewink, om hulle nader te lok? --- Ja. Maar die een Bantoesman het sy arm teen sy bors vasgedruk ...

Sy linkerarm? --- Sy linkerarm; en hy het sy regterhand gebruik en "Afrika!" "Afrika!" geskree.

En hulle gewink om nader te kom? --- Om nader te kom. Die een Bantoesman het albei sy arms gebruik en "Afrika!" "Afrika!" geskree. Ek het toe om beweeg en agter die Polisiestasie ingegaan.

Het u enige van die persone geken? --- Ja.

---Het---



Het u met hulle probeer praat? --- Ek het met een van hulle probeer praat, maar hy is kwaad vir my. Hy is die Sekretaris van die P.A.C. -beweging in Vereeniging.

VERHOOR HERVAT: Jy meen hy was kwaad vir jou voor hierdie dag? --- Ja.

DIE VOORSITTER: Wel, ek wil nie ingaan op die rede nie; hy wou nie met jou praat nie? --- Hy wou nie met my praat nie.

Wat van die ander een? --- Ek het ook met die ander een probeer praat, maar hy is ook kwaad vir my. Ek is agterom, in die Polisiestasie. Ek was moeg en het daar op 'n stoel gaan sit wat deur ser. Grobler aan my gegee was. Ek het gesit vir ongeveer vyftien minute; toe het ek 'n vreeslike lawaai buite gehoor. Ek het gesien dat daar nog vragmotors met Polisiemannne opdaag. Die Polisie het probeer om die groot hek oop te kry om die Polisie-vragmotors tussen die skare deur in die Polisiestasie in te bring.

VERHOOR HERVAT: Kan u aan ons sê wie in bevel was van daardie seksie van die Polisie? --- Agterna het ek gehoor dat dit kol. Pienaar was. Hulle het toe ingekom en ek het weer gaan sit. Ek het 'n paar minute gesit, en ek het gehoor dat iemand 'n bevel gee dat die Polisie moes inval, en ek het gesien dat die univers-manne na vore hardloop en dat hulle inval in 'n lyn aan die Westekant van die Polisiestasie, met hulle gesigte na die Bantoes-toe.

DIE VOORSITTER: Waar was u toe geweest? --- Ek was toe in die hek, tussen die geboue, wat toegang verleen na die Polisiestasie - aan die Westekant, van

--- die ---



die gebou. Ek het toe bekommerd geraak, en ek het na vere geloop, na kol. Pienaar. Toe ek amper by kol. Pienaar was, het ek gehoor dat hy instruksies gee dat daar vyf rondes gelaai nees word.

VERHOOR HERVAT: Nadat jy ingekom het in die gebou het jy daar op'n stoel gaan sit? ---Ja.

Kon jy vandaar sien wat aangaan aan die Westekant van die gebou? ---Nee; vanwaar ek gesit het, kon ek nie sien nie.

Dit was alleenlik toe kol. Pienaar ingekom het, dat jy ...? --- Met die lawaai. Ek het die lawaai gehoor van die mense wat skree en te kere gaan, en ek het opgestaan en in die hek gaan staan, by die ingang tot die gebou.

Was dit die eerste keer dat jy sien wat aangaan aan die Westekant? --- Aan die Westekant, ja.

En toe jy nou daar kom, was dit voor die linie opgestel was deur kol. Pienaar? ---Ja; dit was net dieselfde tyd. Toe die persoon instruksies gee dat die Polisie moet inval, het ek uitgekom.

Vertel ons net wat die toneel was wat jy daar waargeneem het, net toe jy by die ...? --- Toe ek uitkom, was ek verbaas gewees om soveel Bantoes saam aan die Westekant te sien. Die Bantoes het geskree en geraas, en ek het gesien dat hulle teen die draad druk, dat die draad oor gedruk was deur hulle, en dit het gelyk asof die Bantoes oor die draad gaan kom.

DIE VOORSITTER: Ek wil net 'n bietjie helderheid daar hê; as u sê u het gedink dat hulle "oor die draad gaan kom" - is dit in die sin dat hulle oor die draad



klim, of in die sin dat hulle die draad eenvoudig plat druk? — In die sin dat hulle die draad gedruk het.

VERHOOR HERVAT: Hoe ver, sou u sê, het die draad oorgeleun, vanuit die regep posisie? — Toe ek uitkom, sou ek sê ongeveer 30 grade; maar hulle het die draad mêr gedruk; toe kol. Pienaar instruksies gee dat vyf rondes gelaai moes word, was die draad baie meer oer gedruk.

Tot hoe ver sou u sê? — Ek sou sê ongeveer 45 grade.

- VERDAAG: 12.45 n.n. -

- HERVAT: 2.15 n.n. -

MICHEL ANDRIES LABUSCHAGNE, nog onder eed:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN HERVAT: Mr. Labuschagne, ek dink ons het gekom waar u gesê het dat Kol. Pienaar die manne in gelid opgestel het? — Ja. Ek het gehoor dat hy die manne in gelid opstel en dat hy beveel het dat elke man vyf rondes moes laai.

Het voer ons verder gaan, laat ons net weer teruggaan tot daar in die straat, in Zwane-straat, vanwaar u na die Polisieperseel gegaan het. Wat het geword van die kaptein en sy manne? — Die kaptein en die Polisiebeamptes het in die straat bly staan, ongeveer hier by "xl" in Zwane-straat. Ek het alleen na vore gegaan.

Tot na afloop van die hele gebeure? — Ja; daar, na die skietery het ek oer die draad gespring en na een van die voertuie wat ek daar gelaat het, gehardloop, en vir ambulansse te gaan; en toe ek oer die draad spring, het die Polisie nog daar gestaan.

Kan u sê waarom hulle nie by die hek ingegaan het



na die Polisiestasie-toe nie? --- Dit is moeilik om te sê. In die eerste instansie kon hulle nie deurkom nie. Vanwaar hulle gestaan het, kon hulle nie deurkom Polisiestasie-toe nie. Ek weet nie; miskien wou hulle party Polisie buite hou, ingeval hulle hulle nodig het.

Wat was die volgende ding wat gebeur het nadat kol. Pienaar die bevel gegee het dat hulle vyf rondes moes laai? --- Toe die kolonel sê hulle moet vyf rondes laai, het die Polisiemannne wat in gelid gestaan het, patrone geneem en hulle gewere gelaai; en op daardie stadium was ek baie bekommerd gewees. Ek het na vore gegaan en ek het omtrent twee treë van kol. Pienaar, so agteroor teen een van die saracens se modderskern gestaan en ek het die skare dopgehou, want ek het iets verwag.

Wat het jy verwag? --- Dit het vir my gelyk of hulle die draad gaan platdruk, en ek was bekommerd omrede ek gesien het die Polisie het patrone gelaai.

Het enigiets daarna gebeur? --- Ek wou nog weer na vore gaan om met die mense te praat, maar terwyl ek vorentoe geloop het, het kol. Spengler van agter gekom en by my verby gegaan. Hy het een van die Bantoes wat aan die binnekant van die draad was, aan sy skouer geneem, 'n paar woorde met hom gepraat en hom by my verby gebring, in die Polisiestasie in.

DIE VOORSITTER: Wat was gesê; weet u? --- Ek weet nie. Hy was ongeveer ses of ag treë voor my gewees. Daar was so'n lawaai dat ek nie kon hoor nie, maar ek kon sien hy praat met die perseen. Hy het hom aan sy skouer geneem en hulle is by my verby, in die

--- Polisiestasie ---



Polisiestasie in. Dit was die Sekretaris van die P.A.C. -beweging gewees.

VERHOOR HERVAT: Wie was hy? --- Michael Tsolo.

Hoeveel van die Bantoes was aan die binnekant van die draad? --- Daar was op daardie stadium drie.

En nadat jy daar aangekom het, wat het hulle gedoen? --- Hulle het steeds aan die binnekant van die draad op-en-af geloop, aan die Weste- en aan die Suidekant; en drie van hulle - twee van hulle het albei hulle arms gebruik en op-en-af geswaai en "Afrika!" "Afrika!" geskree, en een het met sy linkerarm oor sy bors, en met sy regterhand, "Afrika!" "Afrika!" geskree.

Wat was die idee van die linkerarm oor die bors? --- Na die skietery het ek hom gevra, want ek ken hom goed, en hy het aan my gesê dat hy beseer was gedurende die nag. Gedurende die nag het iemand hom op sy arm geslaan met 'n klerie.

Wie was hy? --- Thomas More. Hy was die voorsitter van die P.A.C. -beweging in Sharpeville.

Het u dié twee vroeër daardie oggend gesien, tussen die skare? --- Ja; dikwels. Ek het hulle dikwels tussen die skare gesien op-en-af beweeg, en elke keer wanneer die skare een van hulle sien, het hulle vreeslik te here gegaan. Hulle het "Afrika!" "Afrika!" geskree, en dit het vir my gelyk asof hulle mal raak as hulle een van die twee sien.

Kon jy uitmaak wie die leiers was van die skare? --- Dit was dié twee.

Was dit net die twee wat aan die binnekant van die draad was? --- Nee; daar was nog een Bantoe gewees,



wat ek net ken van sien. Hulle was drie binnekant die draad.

**DIE VOORSITTER:** Die derde een, is hy 'n inwoner van Sharpeville? —Hy is 'n inwoner van Sharpeville. Hy het 'n lang kerie in sy een hand gehad; dan los hy die kerie, dan swaai hy met sy hande, dan vat hy weer die kerie, dan loop hy weer op-en-af teen die draad.

Dit is vir my nog nie heeltemal duidelik nie. Wat u nou hierna verwys, is dit wat gebeur het na die Polisie in 'n linie opgestel is? —Ja. Die Polisie wat in linie opgestel 'n paar treë van die draad.

Ek dink u het vanoggend by die inspeksie-ter-plaatse gewys dat dit ontrent drie treë ....? — Ongeveer drie treë aan die binnekant van die draad.

En in daardie spasie van drie treë het hierdie persone na wie u verwys het, op-en-neer geloop? — Ja; die Polisie het met hulle gesigte na die skare gestaan, met die .303 gewere se lops ook in die rigting van die skare.

In die hand-positie? —In die hand-positie.

Met ander woorde, nie met die kolf teen die skouer nie? —Nee. En die drie Bantoes het beweeg tussen die gewere se lops en die draad waar die Bantoes gestaan het, op-en-af, tussen hulle.

Vir watter tydperk het dit plaasgevind, dat hierdie persone daar op-en-neer geloop het? — Ek sou sê toe ek oer die draad gesprink en ingegaan het, - dit was toe ontrent al 'n uur gelede; hulle het toe ook oorgesprink, en hulle het daar op-en-af beweeg. Dan gaan een uit, dan kom hy weer in. En vir ongeveer tien minute het



die Polisie so gestaan met hulle gewere en hulle het tussen die Polisie se gewere en die draad op-en-af beweeg.

**VERHOOR HERVAT:** Het die Polisie al so met hulle gewere gestaan soos jy nou beduie het, voordat die bevel gegee was dat hulle in gelid moes staan? --- Nee; die bevel dat hulle in gelid moes staan, was gegee terwyl ek nog binne was, met die lawaai. Toe het elke Polisieman, wat ek gesien het, sy geweer gegryp en na buite gehardloop. Ek het ook opgespring en na buite gehardloop.

U sê kol. Spengler het een van hulle daar weggeneem? ---Hy het na Michael Tsolo gegaan, met hom gepraat, hom aan sy skouer geneem, hom by my verby gebring, die Polisiestasie in. Hy was ongeveer 'n minuut of so binne, en hy het weer uitgekom en hy het na Thomas More gegaan - die een met die seer arm; hy het met hom ook gepraat en ook by my verby gebring, ook in die Polisiestasie.

Wat was die uitwerking daarvan op die skare? ---O, hulle het vreeslik te kere gegaan.

Deurdadig hy die twee man ...? ---Ingeneem het, ja.

Die derde man, het hy toe oorgebly? ---Ja; die een met die kierie het oorgebly. Kol. Spengler het ingegaan, en toe hy weer uitkom het ek gesien dat 'n ander, lang man die hek oopmaak, die groot hek, en dat van die mense probeer om in te kom in die groot hek.

**DIE VOORSITTER:** Dit is nou die hek aan die Westekant? --- Aan die Westekant.

Die dubbelhek? --- Die dubbelhek; die groot hek



aan die Westekant. Hulle wou inkom na die Polisie-stasie. Kol. Spengler het na vore gespring, en hy het die hek aan die binnekant gegryp en hy wou dit terugdruk. Daar was so'n lang Bantoe tussen die twee hekke, en hy het die hekke aan die anderkant gedruk en kol. Spengler aan die binnekant; kol. Spengler wou hom terugdruk. Kol. Spengler het hom só aan sy baadjie gevat, aan die kraag, en die Bantoes het hom agter gegryp.

Dit wil sê, die Bantoes het vir kol. Spengler, of die ander Bantoe ...? — Die ander Bantoe agter aan sy baadjie gegryp.

VERHOOR HERVAT: En wat het hulle gedoen toe hulle hom agter gegryp het? — Hulle het hom teruggedruk, maar kol. Spengler het hom deur die hek geruk en die hek met sy voet toegetrap. Onmiddellik het van die Bantoes klippe gegooi na kol. Spengler. Daar het meer klippe gekom. Dit is nou aan die Westekant. Ek het twee skote gehoor, aan die Suidekant, aan die vër punt, waar die Polisie was.

Dit is nou aan die Suidekant? — Aan Zwane-straat se kant, ja. Dit het vir my gegaan soos rewelverskote.

Ken jy vasstel of dit naby die hoek is, die Suidweste-hoek? — Ek het geglo dit is op die hoek. Onmiddellik het meer klippe van die Bantoes gekom, en die Polisie het gevuur.

Die eerste klippe, sê jy, is gegooi na kol. Spengler? — Ja.

Die ander klippe? — Die ander het voor ons geval - hier voor my, en tussen die Polisie deur.

Hoe ernstig was die klipgeciery? — Hulle het heelwat klippe gegooi.

— Het —



Het jy aan die stemme van die skare iets verskillend opgemerk, of was dit nog dieselfde? --- Nee, hulle was gladnie meer dieselfde nie. Soos ek vir u sê, toe ek ingegaan het, het die Bantoes nog met my gelag en ek het nog met hulle gepraat; en na die lawaai, toe ek opstaan en ek sien die atmosfeer was heeltemal anders. En hier, toe kol. Spengler daardie manne neem, het hulle heeltemal verander.

Wat het hy met daardie derde persoon gemaak wat hy daar aan die lapel gevat het? --- Ek weet nie. Hulle het daar geruk, en ek het na vore gegaan toe die Polisie vuur. Kol. Pienaar het geskree, "Stop! Stop!" en ek het "Stop!" geskree. Ek dink die ander man wat "Stop!" geskree het, was kapt. Theron. Ek het gesien die twee Polisiebeamptes voor my het gelyk of hulle wou laai, en ek het hulle so op hulle skouers geslaan en gesê "Stop! Stop!"

Jy was dan by kol. Pienaar gewees? --- Ek was vlakby hom gewees.

Het jy enige bevel gehoor dat daar geskiet moes word? --- Nee.

Kan jy seker wees daarentrent dat daar nie so'n bevel gegee is nie, of kan dit wees dat ....? --- Ek is seker, as hy dit gegee het sou ek dit gehoor het. Maar ek het nie gehoor dat so'n bevel gegee was nie.

DIE VOORSITTER: Hoe ver was u van hom gewees onmiddellik voordat daar geskiet is? --- Net sover as hierdie hoek.

Dit is entrent twee treë? --- Twee treë.

--- En ---



En waar was u en hy toe gewees, ten opsigte van hierdie linie? --- Ek was net agter die Polisie wat ingeval het, en hy was net twee treë aan my regterkant.

Dit wil sê, was julle nou - die linie het rofweg Noord-Suid gestaan, nie waar nie? --- Die linie het na die Westekant gestaan.

Gekyk, ja; maar die lyn as sulks? --- Die lyn het van Noord na Suid gestaan, met hulle voorkant Wes; en ek het agter die Polisie, na hulle en na die skare gekyk. Kol. Pienaar was net aan my regterhand.

En was u meer na die Noordekant, of meer na die Suidekant van die linie? --- Ek was meer na die Suidekant - na die hek se kant. Kol. Pienaar was aan my regterkant gewees.

Het u enige indruk van hoe die skietery begin het; of daar eers enkele skote was en of daar onmiddellik 'n sarsie afgevuur was? --- Sees ek sê, ek het twee skote gehoor aan die vër, Suidekant.

Sover u nou ken oordeel, het u dit in verband gebring met die Polisie? --- Nee; ek het geglo dat die twee of drie Polisiebeamptes voor my, het eerste geskiet, na daardie twee skote.

Het ander woorde, u sê daar was eers enkele skote van die kant van die Polisie? --- Ja.

En daarna ...? --- Daarna was daar 'n hele ry skote.

En u neem die Polisie wat vóór u was ...? --- Is van die wat eerste gevuur het. Ek sê nie eerste op die skare nie, maar dit was van die eerste van die Polisie wat gevuur het.

Die eerste skote wat afgeskiet was? --- Nee; die

--- eerste ---



eerste twee was vér, onder gewees.

Nee, ek praat van die Polisie? --- Ja; die eerste skote wat deur die Polisie geskiet is.

VERHOOR HERVAT: Hoe vér sou daardie manne van kol. Pienaar af gewees het? --- Kol. Pienaar was direk agter die Polisie.

Agter die twee wat eerste geskiet het? --- Ek dink hy was nader aan my as aan hulle; ek sou sê omtrent drie treë van hulle af.

U dink as hy 'n bevel gegee het, moes hulle dit gehoor het? --- Ek dink ek sou dit eerder gehoor het, want ek was nader aan hom as wat hy aan die Polisie was.

Hoe was die geraas destyds? --- Hulle het vreeslik baie lawaai; maar toe die eerste skote aan die onderpunt val, was daar stilte gewees.

DIE VOORSITTER: Watter skote praat jy nou van? --- Dit is die twee van die vér Suidekant af.

Wat u meen nie van die Polisie gekom het nie? --- Reg.

VERHOOR HERVAT: Hoe ver was kol. Pienaar van die groot hek af? --- Dit is moeilik om te sê. Ek sou sê ongeveer tien treë.

As hy nou na die hek-toe kyk, soos julle gekyk het na die skare, sou dit aan die regterkant van die hek wees? --- Ja.

Meer aan die Noordekant van die hek? --- Aan die Noordekant van die hek. Soos jy die hek inkem, was ek aan die Noordekant en kol. Pienaar was nog twee treë aan my regterkant, en daar het twee sarasens skuins

--- agtermekaar ---



agternekaar gestaan. Ek het so teen die een saraceen gestaan, met my rug teen die saraceen.

En het die linie gestrek ewe ver aan die regterkant as aan die linkerkant van die kolonel, of was dit meer aan die een kant as die ander? — Hy was meer na die linkerkant — na die Noordekant; amper by die punt van die linie.

Waarom het jy vir die mense geskree "Stop!"? — Ek was baie bekommerd gewees, en ek dink ek het geskrik, oek.

Waaroor was jy bekommerd? — Ek het net gevoel daar gaan iets groot gebeur, daardie dag.

Soos jy die posisie daar opgesen het, het jy gemeen dat daar regverdiging bestaan het vir skiet? — Ja; die posisie was baie ernstig gewees en ek het enige oomblik gegle hulle gaan die draad platdruk en ek het selfs — dit was omtrent al tyd dat ek bang en bekommerd was. Ek het vryelik deur hulle beweeg, die hele dag, en ek was nie bang gewees nie; maar daar het ek regtig bekommerd geraak.

DIE VOORSITTER: Wat ek nie mooi verstaan nie — u sê u meen hulle was geregverdig om te skiet? — Nee, ek sal nie sê dit was geregverdig om te skiet nie. Dit is 'n moeilike posisie vir my, as buitestaander, om my daar in die Polisie se plek te plaas. Ek was persoonlik nooit bang gewees nie, en ek weet nie hoe het die Polisie daar gevoel, of hulle sal vermeer word of wat daar sal gebeur nie. Dit is moeilik vir my om myself daar in die posisie van die Polisie te plaas.

Maar kan ek dit anders stel: U het gewest die Polisie staan daar in gelid? — Ja.



En daar is 'n offisier met die rang van kolonel wat blykbaar in bevel is? --- Ja.

As ek u net mag vra, het u gedink dat die gewone procedure sou wees dat daar alleen gevuur sou word as daar 'n bevel gegee word? --- Ek het.

Wat ek u graag wil vra, is: Het u te enige oomblik voordat daar geskiet is, verwag daar gaan nou 'n bevel kom, of gedink "Ek wonder wanneer gaan 'Skiet' bevel word"? --- Ek het verwag dat daar 'n bevel gaan kom.

Wanneer? --- Onmiddellik; net voordat gevuur is.

Hoekom? --- Omdat ek gevoel, of gesien het, altans, dat die Bantoes gaan die draad platdruk en hulle gaan oorkom.

Was daar enige bespreking gewees tussen u en kol. Pienaar? --- Voor, of daarna?

Onmiddellik daarvoor? Net sees nense soms doen en sê, "dink jy nie dit is nou tyd dat iets gedoen word nie?" of 'n bespreking van daardie aard? --- Nee, kol. Pienaar het nie 'n woord gesê nie. Hy het my nie eers gegroet nie. Ons het nie 'n woord met mekaar gepraat nie.

Waar was kapt. Theron? --- Kapt. Theron was, toe ek hom gesien het, laer-af, aan die Suidekant van die linie wat ingeval het.

En was daar nog enige ander offisiere wat daar agter hierdie linie van Polisie gestaan het? --- Daar was Polisie.

Hoeveel? --- Dit is moeilik om te sê; seker vier of vyf. So skat ek. Maar sees ek sê, die meeste van hulle ken ek nie.

--- VERHOOR ---



VERHOOR HERVAT: Mr. Labuschagne, u sê u het gevrees dat die Bantoes die draad sou platdruk? — Ja.

Soos u die toestand daar gesien het, wat het u verwag indien die draad sou platgedruk word? — Die Bantoes sou dan die Polisiestasie ingeneem het.

Wat meen u daarby? — Miskien oergeneem het, moord gepleeg het. Ek weet nie wat ...

Meen u dat hulle in so'n luim was? — Hulle was. Die drie Bantoes aan die binnekant het hulle op daardie stadium so opgesweep gehad, dat dit gelyk het asof party van hulle heeltemal mal word, en hulle sou enigiets gedoen het.

Soos ek van jou verstaan, was dit nie die toestand wat vroeër geheers het nie? — Nee.

Was jy in die vermoë, van jou eie waarnemings, om te sien wat die toestand werklik daartoe gebring het - behalwe nou wat jy sê, dat hulle opgesweep was deur die leiers; enigiets anders? — Nee. Ek glo hulle was net deur die leiers van die P.A.C. so opgesweep, en die oomblik toe kol. Spengler uitkom, was die skare baie kwaad gewees - toe hy vir Michael Tsole inneem, en uitkom en vir Thomas More inneem. Toe was hulle amper rasend gewees.

Het jy wapens onder die skare gesien? — Daar was hier en daar Bantoes met kleries gewees, maar gladnie in vergelyking met die oggend nie. Daar was Bantoesmans, Bantoesvrouens, en jongmense.

DIE VOORSITTER: Mr. Labuschagne, ek wil tog graag net duidelikheid kry oor hierdie posisie van die draad. Soos u die persone daar waargeneem het, die

— gewone —



gewone, menslike feilbaarheid in ag genome, was dit 'n posisie dat die wat voor gestaan het opsetlik besig was om die draadheining te probeer platdruk, of was dit 'n kwessie dat daar die geweldige drukking van die skare van agter was, wat die voorstes as't ware teen hulle sin teen hierdie draad vasdruk en natuurlik, meentlik, mettertyd die draad sou kon platdruk, so? Wat was die indruk wat u daar gekry het? — Ek sal u sê, die indruk wat ek daar gekry het — hulle was gedruk en geforseer van agter, en ek het mense gesien in die voorste ry wat probeer het om uit te kom, wat nie kon ondraai of terugkom nie. Hulle was gedruk.

VERHOOR HERVAT: Die skare was geweldig? — Ja.

DIE VOORSITTER: Is u bereid om 'n skatting te doen van die skare wat toe daar was — by benadering? — Ek sal sê tussen 15,000 en 18,000.

VERHOOR HERVAT: Dit is rondom die Polisiestasie? — Ja.

DIE VOORSITTER: Waar was die meerderheid van die persone? — Die meerderheid was in Zwane-straat, dit is aan die Suidekant van die Polisiestasie, en aan die Westekant. Hulle het in Zwane-straat, dit is die twee strate met die middelman, een blok vas aanmekaar gestaan. Hulle het tot in Zwane-straat bo-op die huise se dakke geklim. Daar was nie meer plek in die straat nie.

En aan die westekant? — Aan die Westekant was hulle een blok, vas aanmekaar tot teenaan die kliniek se draad — dit is die kliniek net reg voor. Hulle was tot teenaan die kliniek se draad.

VERHOOR HERVAT: Hulle het baie dig aanmekaar



gestaan? --- Vas, teenmekaar. Hulle kon skaars beweeg.

Soos u die toestand daar gesien het, sou u sê dat as daar op die skare geskiet was, 'n koeël dwarsdeur kon trek sonder om enigeen te tref? --- Onmoontlik! Ek glo nie.

Heen jy dat die skare so dig gestaan het dat elke skoot wat op hulle geskiet was, moes getref het? --- Ek sal dit sê stel, dat die skare sê dig was, elke skoot kon meer as een persoon gedood het. Dit kon eenkant ingegaan het en uit, en nog 'n volgende persoon agter getref het.

Het jy opgemerk hoe die stengeweer-Polisie ingedeel wat in die linie? --- Vanwaar ek gestaan het, aan my regterhand was twee Polisiebeamptes met stengewere, voor my.

Langs mekaar? --- Hulle het langs mekaar gestaan. Die ander het ek nie gesien nie. Ek het nie afgekyk met die ry nie, en ek weet nie hoeveel daar was nie. Ek het net hier voor my gekyk.

Het hulle geskiet? --- Hulle het geskiet.

DIE VOORSITTER: Snel-vuur, of enkel skote? --- Nee, dit het baie vinnig gegaan.

Dit was op snel-vuur gewees? --- Dit moes wees; dit was baie vinnig.

VERHOOR NERVAT: Hoe lank, sou u skat, het die skietery aangehou? --- Ek sou glo op die langste tussen twintig en dertig sekondes. Dit was 'n kwessie van sekondes gewees.

Het jy langs die linie af gehardloop en die nense



te stop, of het jy net daar bly staan? --- Ek het net die twee voor my geslaan.

DIE VOORSITTER: Weet u wie hulle is? --- Nee; ek ken hulle nie. Dit is nie van Vereeniging se Polisie nie.

Sal jy hulle kan uitken? --- Dit is moeilik. Hulle het met hulle rug na my gestaan.

VERHOOR HERVAT: Laat ons net weer hoor. Wanneer het jy by die Polisiestasie aangekom, nadat julle nou in Seciso-straat die mense probeer keer het? --- Dit was voor 1-uur.

Om 11-uur was jy nie daar, rondom die Polisiestasie? --- Om 11-uur was ek saam met maj. van Zyl, saam met die groepie polisiemanne wat daar by die skool in die straat vasgekeer was - voor die saracens gekom het.

Ek wil hê jy moet kyk na hierdie foto, Bewysstuk "B". Hoe sou u die skare wat u daar gesien het, met die skietery vergelyk, met wat u sien, daar op die foto? --- Ek sal sê dat dit nie eers 'n derde van die skare is wat daar was nie. Hierdie is 'n derde minder as wat daar was met die skietery. Hierdie kiekie neem geenem gewoen het lank voordat ons by die Polisiestasie aangekom het, omrede, op hierdie kiekie is nie een van die saracens nie.

DIE VOORSITTER: Wel, ek herinner my dat dit gestel is dat hierdie geenem is omstreeks 11 v.m.? --- Dit is die tyd toe die vliegtuig oor ons gevlieg het. Hier kan ek vir u wys - die Polisie het hier teen die Suidekantse draad gestaan, en agter hulle, met die skietery, was twee saracens; en hier het twee Polisievoertuie gestaan, twee vragmotors.

--- Dit ---



Dit wil sê, meer na die Suidekant van die terrein?  
--- Aan die Suidekant. Hier is niks op die portret nie.

Hoe laat was dit gewees dat u na die terrein gegaan het? --- Die Johannesburg-manne het ongeveer 11-uur by ons gekom. Toe was die groep in twee verdeel, en mr. van Zyl is met Seeiso-straat Polisiestasi toe en ons is agterom, Polisiestasi-toe. Ek sal sê ons het in Zwane-straat gekom ongeveer half-twaalf of kwart-voor-twaalf; toe het ons by die Polisiestasi gekom.

VERHOOR HERVAT: Ken jy uitmaak wat die reaksie van die skare was na die skietery begin het? --- Daar was niemand oor na die skietery nie.

Nee, maar ek bedoel, onmiddellik toe die eerste skote begin val; ken jy enige reaksie sien? --- Dit het my laat dink aan 'n koringland, waar 'n warrelwind hom rak. Dit was net so; dit was net so gewees en hulle was weg, en die wat gewond was het agtergebly. Dit was blitsvinnig gewees.

Was sou jy sê as die Polisie sê vir 30 sekondes aangehou en geskiet het - was daar nog nodigheid vir sê lank skiet? --- Dit is moeilik om te sê, want nadat die eerste skote geval het, het almal gehardloop en na twintig sekondes weet ek nie of daar nog iemand oor was nie. Dit was so blitsvinnig gewees; toe die eerste skote val, het die skare somar verdwyn. Hulle het oorgekaar gehardloop en getrap. Hulle het by die kliniek dwarsoor die drade geval, somar bo-op hulle koppe.

DIE VOORSITTER: Het u enigsinde opgelet, nie net

--- betrekking ---



betrekking tot sekondes nie want tydskatting is baie moeilik; maar u het in gedagte wanneer die skietery opgehou het? ---Ja.

Nou, wat ek wil weet, toe die skietery ophou wat was die toneel voor u gewees - daardie moment toe die skote opgehou het. Wat het u gesien? --- Toe die eerste skote val en die skare wegspring, het kol. Pienaar geskree "Stop!" en ek het geskree "Stop!" Toe ek die manne so slaan, toe ek opkyk, het ek net gewonde mense voor my gesien.

En was hulle toe nog besig gewees om te skiet, of was die skietery toe al verby? --- Nee; hulle het toe dadelik gestop.

Het u enige begrip van hoe lank dertig sekondes is? --- Ja. Ek skiet baie skyf, en snel-vuur weet ek, min of meer, hoe vinnig 'n mens skiet. As ek sê dertig sekondes, sou ek sê dit was baie lank.

VERHOOR HERVAT: Sê u, u skiet baie skyf? ---Ja.

Nou, dan kan ek u hierdie vraag vra: Hoe vinnig dink u kan u tien patrone afskiet met 'n .303? --- Tien patrone?

Ja; dit is wat die magasyn hou, is dit nie? ---Ja. Op die baan laai ons tien patrone vir snel-vuur, en ons moet dertig, partykeer veertig sekondes, skiet, en baiekeer hou ek nog twee patrone oer - dan kry ek miskien ag skote weg.

DIE VOORSITTER: Dit is wanneer u nou na 'n kol skiet, met die bedoeling om die kol te skiet? ---Om te korrel. Maar as jy nie korrel nie, sal dit vinniger wees, dan kan jy meer wegskiet.

--- VERHOOR ---



VERHOOR HERVAT: Hoe vinnig dink jy kan jy dan wegskiet? --- Ek sal glo die meeste twaalf na veertien.

Ja, maar in watter tyd? --- In dertig sekondes. Dan moet jy baie vinnig skiet; net toestoot en sneller trek, toestoot en sneller trek.

Ja, maar as jy nou twaalf skote sou skiet, meen dit jy moet weer magasyn laai? --- Ja, as jy twaalf skiet, moet jy laai. Tien het jy nie nodig om te laai nie.

Hoe lank sou 'n perseon vat om tien skote af te vuur as hy sonar na 'n skare skiet en nie juis kel vat na een of ander perseon nie? --- Hy sal moet vinnig skiet om dit in dertig sekondes weg te skiet.

Wat was die optrede van die Polisie gewees ten opsigte van die beseerdes en die dooies, daar? --- Onmiddellik na ek die twee aptenare op hulle raai geslaan het, het ek ongespring. Daar was nie telefoonverbinding nie, en ek het oer die draad gespring en na die naaste Munisipale voertuig gehardloop. Ek het in die voertuig gespring en ek is af kantoor-toe, waar ons 'n twee-rigting radio van Vereeniging se Ambulans en die Brandweer gehad het. So, ek was vir ongeveer tien minute onmiddellik na die skiet nie teenwoordig nie. Toe het ek ambulans gaan haal.

Omtrent tien minute? --- Ja; miskien 'n bietjie langer. Ons het baie vinnig gery.

So, het jy gladnie kon sien wat die Polisie doen in verband met die beseerdes nie? --- Nee. Ek was nie daar nie.

Hoe lank sou jy sê het dit geneem voordat al die

--- beseerdes ---



beseerdes verwyder was? --- Dit het 'n hele tydjie geneem.

Hoe lank, omtrent? --- Omtrent 'n uur-en-'n-half.

Voor al die beseerdes verwyder is? --- Ek skat so, ja.

En wie was eerste aandag geskenk - die beseerdes, of die dooies? --- Die beseerdes.

Was jy nog daar toe die dooie liggane ook verwyder was? --- Ek was daar. Ek het daar gebly, gehelp bymekaar dra en van die gewonde mense water gegee. Ek het daar gebly totdat almal weg was.

**DIE VOORSITTER:** Het om 'n idee te kry, wat is die distansie van Sharpeville-Polisiestasie na u kantoor, as u die korste roete, dit is vermoedelik langs Seeisostraat, volg? --- Dit sal amper twee myl wees.

En van u kantore tot in die dorp self - Vereeniging? --- Na die ambulansse, amper drie myl.

En het u enige idee van hoe lank dit geneem het totdat die ambulans opgedaag het? --- Ek het die oproep deurgesit by die brandweer se voertuig, en ek het in die kantoor gehardloop en daar was aan my 'n botteltjie koeldrank gegee en ek het dit nie half gedrink gehad nie, toe was die eerste ambulans daar en ek het weer daarin geklim. Ek het nog die koeldrank op die steep neergesit. Dit was baie gou.

**VERHOOR HERVAT:** Sou dit juis wees as iemand sou sê dat die dooies eers aandag geniet het voor die beseerdes? --- Nee. Onmiddellik na ek teruggekom het met twee ambulansse, het ek instruksies gegee aan die Municipale Polisie, en ek dink dit was kapt. Theron; hy het my kon help om van die beseerdes wat nie erg

--- beseer ---



beseer was nie, op te tel en makliker te lê en hulle bymekaar te dra, op te tel en in die ambulansse te laai. Die dooies het ons heel laaste - ons het van een van ons Munisipale voertuie gebruik gemaak, ook, om van die dooies op te laai; en ek dink amper kapt. Theron het in een van hulle voertuie ook van die dooies gelaai.

Nou, ek wil u net weer terugvat na die insident daar by die hek. Hoe ver van die Administrasiekantore het die skare werklik gevorder toe julle hulle gestuit het? --- Dit is die oggend?

Ja? --- Die kantoor is skuinsoor die brouery, en maj. van Zyl het hulle gekeer, ongeveer 100 treë van die brouery. Daar was die skare die oggend gekeer.

Julle wou hulle keer dat hulle nie na Vereeniging gaan nie? --- Daar was sprake tussen die Bantoes dat hulle maak 'n optog dorp-toe, en toe ek dit vir maj. van Zyl sê, het hy gesê ons moet keer dat hulle gladnie dorp-toe kan gaan nie.

Wat was die gevaar wat julle daar gevrees het?  
--- Maj. van Zyl het agterna, of miskien daar, aangevoer dat as hulle in die blanke gebied kom, daar baie moeilikheid sal wees.

Wanneer het jy vir die eerste keer bewus geraak van die moontlikheid dat Bantoes na die Polisiestatie sou kom? --- Ongeveer die Donderdag; ek dink dit was die 17e of die 18e van Maart. Verskeie Bantoes het die oggend pamflette na my kantoor gebring wat uitgereik was deur die Pan-Africanist Congress, onderteken deur Kabale; en daarin het hulle die Bantoes versoek om hulle bewysboekies by die huis te laat en by die

--- Polisiestatie ---



Polisiestasie te gaan rapporteer en te vra dat hulle gearresteer moet word. Dit was die eerste keer dat ek gehoor het daar gaan optogte wees.

As Biskop Reeves sou gesê het aan Oerseese verslaggewers dat hy verklarings gekry het van Bantoes dat hulle gevra is om na die Polisiestasie te kom, wat sê u daarvan? Dat hulle gevra is deur 'n blanke Polisieman? — Al twee persone wat ek weet wat van die oggend 7-uur af met die Bantoes gepraat het, was maj. van Zyl en ek; en ek weet nie van eenkeer dat maj. van Zyl se-lies gesê het nie; en ek het verskeie kere aan hulle gesê, "Gaan in die huis en bly in die huis". Daar was geen sprake dat die Bantoes na die Polisiestasie moes gaan nie, behalwe terwyl ons vagekeer was, om 11-uur, en gewag het vir die saracens. Een van die Uitvoerende Komiteelede van die Pan-Africanist Congress, Manuel Teketsi, het uitgekem tussen die ander. Dit is hy wat na maj. van Zyl gegaan het en sy hande so voor maj. van Zyl se gesig<sup>se</sup>/swaai het; en toe die majoor ondraai, met sy rug na hom-toe, toe wys hy vir die skare, "Come; come! Come, let us march to the Police Station". Toe die saracens ingekom het, het hulle ongedraai en teruggemarsjeer Polisiestasie-toe.

**DIE VOORSITTER:** Was daar enige ander blanke persone in die Naturelledorp gewees? — Behalwe die Polisie en Munisipale amptenare, het daar twee karre met Johannesburg registrasiennommers ingekom.

Wanneer was dit? — Dit was net voor 11-uur. Ek het van een van ons voertuie agterna gestuur, maar hulle is weer uit. Daar was blankes. Wie hulle was, weet ek nie.

— Hee —



Hoe lank was hulle in Sharpeville? --- Dit is moeilik om te sê.

O, ek dink jy sê hulle is weer uit? --- Ek het maar agterna die informasie gekry.

Jy het nie self gesien nie? --- Ek het een voertuig gesien, met blankes.

Maar u het nie self gesien wanneer hulle weer uit is nie? --- Nee; ek kan nie sê nie.

VERHOOR HERVAT: Het jy miskien gesien of dit die Pers was? --- Ek weet nie; daar was nie "Pers" op die kar wat ek gesien het nie.

Hulle het ook nie na koerantmanne gelyk nie? --- Ek het gedink dit is koerantmanne, maar ek kan dit nie bewys nie.

Wel, het u uit die mond van enige Bantoe geheer dat hulle gesê was deur 'n blanke Polisieman om na die Polisiestasie te gaan? --- Tot vandag-toe, nog nie uit die mond van enige Bantoe nie. Die/woerd wat ek daar-<sup>eerste</sup> van geheer het, het ek in die Pers gelees.

Dit word beweer in die biskop se koerantberig dat hulle daar moes vergader om 2-uur by die Sharpeville Polisiestasie, om toegesprek te word deur 'n senior Polisiebeampte van Pretoria? --- Nee; ek weet niks van so'n bewering nie.

Weet jy watter Polisie-offisiere van Pretoria wel sehoentes gekom het? --- Al een wat ek ken, was kol. Prinsloo van die Veiligheidsafdeling. Hy was daar, en ek weet hy is van Pretoria.

Totdat jy hom daar gesien het, was jy bewus dat  
--- hy ---



hy sou oor kom? --- Hy het saam met kol. Pienaar en kol. Spengler ingekom; en dit was die eerste keer dat ek hom gesien het. Dit was ongeveer in die omgewing van 1-uur, dink ek.

Het jy enige idee waar se'n berig sy oorsprong kon gehad het? --- Nee. Al persoon wat hulle geroep het na die Polisiestasie was een van die Uitvoerende Komiteede van die P.A.C.

Het u die persone gesien lê, daar, na die skietery?  
--- Ja.

Ken jy enige besef vorm van hoeveel van die persone wat daar bly lê het, of dooies, of gewondes, Bantoes was wat nie vanuit Sharpeville kom nie? --- Nee. Na ek terug is met die ambulans, het ek gou gegaan en ek het almal getel wat gelê het; daar het 72 gelê, om die Polisiestasie en ons het hulle opgelaa. Daar was Bantoes wat ek goed geken het, wat inwoners van die lokasie was; en onder andere het ek ook vir party van hulle drinkwater aangedra. Daar kom ek nie se nie. Maar as gevolg van die name van die persone wat gewond was, en ook die wat dood is, was van die sewentig wat gedood is - kom negentien se name nie in die lokasie se lêers voor nie; en van die 165 wat gewond is, kom 46 se name nie in die lokasie-lêers voor nie.

DIE VOORSITTER: Watter register hou u van inwoners?  
--- Ek hou van elke huis 'n lêer en in die lêer is 'n binneblad, en op die binneblad is die geregistreerde huurder - dit is gewoonlik die man - sy vrou en elke kind se naam en die ouderdom. Die gebeurtes word gewoonlik aan

--- ons ---



ons gerapporteer en dit word nettertyd ingeval.

**VERHOOR HERVAT:** Het u enige persoon gesien wat die skare deur 'n luidspreker toegesprek het? --- Ja. Daar was een polisiebeampte wat probeer het om met 'n luidspreker te praat, maar die lawaai was só groot, ek kon nie eers hoor wat hy sê nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

**DIE VOORSITTER:** Hoe ver was u van hom? --- Ek was ver. Ek was amper aan die Noordekant se hoek en hy was amper aan die Suidekant se hoek.

Het u te enige tyd opgelet, terwyl hierdie gemoedere nou blykbaar opgelaa het, dat daar van Polisiekant enigiets plaasvind by wyse van handeling of by wyse van woordewisseling, om die posisie te verder vererger? --- Te vererger?

Ja, wel, u het nou vir ons getuienis gegee van wat daar gesê wat van Bantoeckant. Hoe het die lede van die Polisiebrigade daarop reageer? --- Voor ek oer die draad geklim het, was ek, ek dink by kapt. Coetzee in Secisostraat. Dit is die man wat ons om gebring het. Ek het tweekeer gehoor dat hy aan die manne agter hom gesê het dat hulle kalm moet bly.

Het hulle kalm gebly? --- Hulle het kalm gebly.

Binne-in die Polisieterrein? --- Die Polisie-effisiere het met die manskappe gepraat, maar wat hulle vir hulle gesê het, weet ek nie.

Het u enigiets opgelet van lede van die Polisiebrigade self, wat op uitdarende gedrag sou neerkom? --- Nee. Party van hulle het op die gras gesit, voor die Poliestasie, en hulle het werklik niks gedoen nie.

--- CROSS-EXAMINED ---



CROSS-EXAMINED BY MR. KENTRIDGE: Mr. Labuschagne, your last answer that you saw nothing provocative done by the Police, I take it that is with the exception of the actions of Col. Spengler; you are not expressing an opinion on that? --- Reg.

